# Die Laaste Boodskap van Pres. Kruger.

## Krugerdag, George, 7 Okt. 1959.

191: T, 5 (77)

I Inl.
Oor Krugerdag.
Betekenis daarvan
Nasionale feesdag.
Erkenning
aansluiting by pres. Kruger.

II Pres. Kruger.
Algemeen
Hoogtepunte
Veral sy laaste boodskap.
Staatk. manifes van boer
en van Afrikaner

III ~~Hoe het dit ontstaan~~ Mev. Kruger oorlede.
Gesondh. ... Nalatenskap pres. in Pret., 23-25 Mei 1904.
Kabelgram en brief van gen. Botha.
Goeie wense.
Antwoord van pres. Kruger, Clarens, 29 Junie 1904.
Afr. ~~Ned~~. teks. — Oorl. 14 Julie 1904.

IV Wat hierin spreek.
Dankbaarheid
Vermaning en raad.
Hoop en vertroue.
Godsvertroue.
Nasionalisme en patriotisme.

~~V Afr. teks.~~
~~(Lees voor.)~~
~~Opgestel 29 Junie 1904~~
~~Kruger oorlede, 14 Julie 1904.~~

VI Slot.
Tragedie.
Dog: besieling.

George, 7 Okt. 1959. 191, T.S (77/1)

Villas des Prierriers, 17,

Clarens (Vaud), Suisse,

29 Junie, 1904.

Waarde Generaal,

Het is my een groot voorrecht de ontvangst te kunnen erkennen van uw kabelgram van den 25 Mei en uwen brief van den 29^n dierzelfde maand, waardoor my de groet wordt overgebracht van het congres van 23-25 Mei, te Pretoria gehouden.

By alle treurigheid en leed, die myn lot zyn, stemde my deze groet tot dankbaarheid. En van ganscher harte dank ik allen die, tezamen gekomen om te beraadslagen over het heden en de toekomst, gedacht hebben aan hunnen ouden Staats President en daardoor getoond hebben het verledene niet te hebben vergeten.

Want wie zich een toekomst scheppen wil, mag het verledene niet uit het oog verliezen.

Daarom: Zoekt in het verledene al het goede en schoone, dat daarin te ontdekken valt, vormt daarnaar uw ideaal en beproeft voor de toekomst dat ideaal te verwezenlyken.

Het is waar: veel van wat was opgebouwd, is thans vernietigd, vernield, gevallen. Doch met eenheid van zin en eenheid van krachten, kan weer worden opgericht, wat thans daarneder ligt.

Het stemt my eveneens tot dankbaarheid, te zien dat die eenheid, die eendracht by u regeeren. Vergeet nooit de ernstige waarschuwing, die ligt in het woord: „verdeel en heersch", en maak dat dit woord op het Afrikaansche Volk nooit van toepassing zal kunnen zyn.

Dan zullen onze nationaliteit en onze taal blyven en bloeien.

Wat ik zelf nog daarvan zien of beleven zal, ligt in God's hand.

Geboren .../2

Geboren onder de Engelsche Vlag, wensch ik niet daaronder te sterven.

Ik heb geleerd te berusten by de bittere gedachte de oogen te zullen sluiten in den vreemde als een balling, byna geheel alleen, ver van bloedverwant en vrienden die ik waarschynlyk nooit zal wederzien, ver van den Afrikaanschen grond die ik wellicht nooit weer betreden zal, ver van het land waaraan ik myn leven gewyd heb om het te openen voor de beschaving en waar ik een eigen natie zag ontwikkelen.

Maar die bitterheid zal worden verzacht, zoolang ik de overtuiging mag blyven koesteren dat het eenmaal aangevangen werk wordt voortgezet. Want, dan houden my staande de hoop en de verwachting, dat het einde van dat werk goed zal wezen. - Zoo zy het.

Uit de diepte van myn hart, groet ik u en het gansche volk.

(w.g.) S.J.P. KRUGER.

Villas des Prierriers, 17,

Clarens (Vaud), Switserland.

29 Juni 1904.

Waarde Generaal,

Dit is vir my 'n groot voorreg om die ontvangs te kan erken van u kabelgram van die 25e Mei en van u brief van die 29e van daardie selfde maand, waardeur aan my die groet oorgebring word van die kongres van 23-25 Mei, te Pretoria gehou.

By alle treurigheid en leed, wat my lot is, het hierdie groet my tot dankbaarheid gestem. En van ganser harte dank ek almal wat, bymekaar gekom om te beraadslaag oor die hede en die toekoms, aan hul ou Staatspresident gedink het en daardeur getoon het dat hulle die verlede nie vergeet het nie.

Want wie vir hom 'n toekoms wil skep, mag die verlede nie uit die oog verloor nie.

Daarom: Soek in die verlede al die goeie en skone wat daarin te ontdek is, vorm daarna u ideaal en probeer om daardie ideaal vir die toekoms te verwesenlik.

Dit is waar: veel van wat opgebou was, is nou vernietig, verniel en het geval. Maar met eenheid van sin en eenheid van kragte kan weer opgerig word wat nou daar plat lê.

Dit stem my eweneens tot dankbaarheid om te sien dat daardie eenheid, daardie eendrag by u heers. Vergeet nooit die ernstige waarskuwing wat lê in die woord: „verdeel en heers" nie, en sorg dat hierdie woord nooit op die Afrikaanse Volk van toepassing sal kan wees nie.

Dan sal ons nasionaliteit en ons taal bly staan en bloei.

Wat ek self nog daarvan sal sien of belewe, lê in die hand van God.

Gebore onder die Engelse vlag, wens ek nie daaronder te sterwe nie.

Ek .../2

Ek het geleer om te berus by die bittere gedagte dat ek die oë in die vreemde as 'n balling sal sluit, byna heeltemal alleen, ver van bloedverwante en vriende wat ek waarskynlik nooit weer sal sien nie, ver van die Afrikaanse grond wat ek wellig nooit weer sal betree nie, ver van die land, waaraan ek my lewe gewy het om dit oop te maak vir die beskawing en waar ek 'n eie nasie sien ontwikkel het.

Maar daardie bitterheid sal versag word solank ek die oortuiging mag bly koester dat die werk wat eenmaal begin is, voortgesit word. Want dan hou my staande die hoop en die verwagting dat die einde van daardie werk goed sal wees. Mag dit so wees.

Uit die diepte van my hart groet ek u en die hele volk.

(w.g.) S.J.P. KRUGER